Ps 84: 1, 3.
Ges. 76: 1-2.
Ges. 156: 5

# Oorvloedig in Goeie Werke

| Patch 21 Sept.'58.

1 Thess. 2:1-13
Hebr. 10:19-27

Hebr. 10:24 – En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor.

Ons staan v/m voor u om aan u bekend te maak dat, na ernstige en bidd. oorweging, ons het een antw. het om aan u en aan die gemeente van Riviera te gee: dat ons geroepe ~~was~~ is om in Potchefstroom te bly.

Vir sommige van u was dit miskien vanselfsprekend dat ons onder u sou bly – vir ons was dit nie. Inteendeel: die drie beroepe so kort na mekaar het ons tot baie ernstige nadenke gedwing oor die vr.: Is dit nie dalk Gods wil dat ons moet gaan nie? En as God wil, is ons gewillig? Is ons geloof groot genoeg om te weet en te vertrou dat God die geloofsondernemings v.d. offergawes, die 2e sending, die jeugsentrum sal bekroon met sy seën al van ons gaan?

En terwyl ons nog besig was gisteraand om al hd. dinge in gebed te oorweeg het nog 'n vierde beroep bygekom – berig ontvang dat ons gister beroep is na d. gemeente Laingsburg – asof God wil sê: Is jy seker dat jy gewillig is om te gaan as Ek jou roep?

Net so ernstig het ons die teenoorgest. vr. oorweeg: Mag ons nou al weggaan?

Om 'n antw. op hd. vraag te kry moes ons ons hele bediening v.d. afgelope 3½ jaar opweeg en vra: Waar staan ons met die werk wat die Here aan ons opgedra het? Is dit afgehandel, voltooi?

Daaroor kan geen mens oordeel nie – net God alleen. Daarby ook onthou: in 'n sekere sin kom die werk van God nooit klaar nie – gaan altyd voort.

Maar waaroor ons wel kan oordeel is dié vraag: in hoeverre het die gemeente nader gekom aan die verwagtinge wat God in sy hart stel in sy Kerk, sy Bruid? En as daar groei en toename was – waarin lê sy tekortkominge, sy sonde, sy swakheid? As Xtus aan ons 'n brief moes skrywe soos a.d. 7 gemeentes van Klein Asië – wat sou Hy in dd. brief alles sê?

Toe ek hd. vraag oorweeg het het die woorde v.d. Heb. brief gedurig by my opgekom: „Laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid .... en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor, en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan.

By al ons dankbaarheid oor wat God in ons gemeente laat gebeur het, mag ons ons oë nie sluit vir ernstige leemtes, tydelike sondes, dinge wat die Here God bedroef en waarvoor ons ons oë nie mag sluit nie. Dis dd. dinge wat ons vlgn aan u wil noem omdat ons glo en sien dat God deur d. beroepe ons aandag opnuut d/op gevestig het.



I Kerkbesoek: By ons dankbaarheid vir die feit dat ons aanbidding in Gods huis goed vergelyk met baie ander gemeentes wil ons dadelik sê dat ons self as leraars ons nog nooit kan tevrede stel met so 'n oppervl. siening nie – omdat ons weet dat die vr. van belang nie is: Hoe vergelyk dit met ander gemeentes se getalle nie? Maar wel: Hoe vergelyk dit met ons eie getalle? En as ek u nou sê dat (konserwatief bereken) 15% van ons gemeente nooit meer die kerk besoek nie en 50% dit ongereeld/of selde doen dan kan u verstaan dat hier 'n saak is waaroor ons nie mag swyg nie.

Namate ons d. gemeente leer ken het het ons baie duid. besef dat ons hier te doen het met 'n geykte tradisie van talle lidmate wat vir 25-30 jr reeds in 'n dooie graaf lewe wat hulle godsd. betref. Hoe verklaar u dit anders dat lidmate in die dorp, op ons kleinhoewes net buite d. dorp, op ons plase gereeld dorp-toe kom weeksdae vir besigheid, werk v plesier – maar nie dink daaraan of wil weet dat die Xten se plek Sondag (tensy wettig verhinder) is in Gods huis? „Laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie"

II Offergawes: U weet almal wat Gods Woord eis van gelowiges i.v.m. hulle gawes. U weet ook v.d. groot onderneming wat d. K/raad in gehoorsd aan Gods Wd, byna 4 maande gelede geloods het om geen bydraes meer

by lidmate se huise af te haal nie. Ons dank God vir die antwoord tot hiertoe op daardie geloofsbesluit gegee: ons staan beskaamd as ons daaraan dink dat die totale offergawes wat gegee is meer is as verwagte-wore. § 'n Baie betroubare ontleding het getoon dat vanaf 1 Julie ±18% v.d. gemeente gereeld weekliks offer, dat ongeveer 42% of maandeliks of van tyd tot tyd 'n offer bring. Dit beteken dat 40% van ons gemeente niks of byna niks offer. 'n Verdere ontleding van ons gemeente se bydraes die vorige jaar het bewys dat ± 33% (d.w.s. 1/3) van ons gemeente geen bydrae doen nie.

Voor ons een woord verder oor die saak sê wil ons met al d. erns van ons siel beklemtoon dat ons nie oor die saak praat ~~om~~ dat u moet reken dat ons ~~[illegible]~~ gemeente meer geld nodig het vir sy eie gemeentel. behoeftes nie: wat ingekom het d. afgelope 3 jr voor die nuwe stelsel ~~was~~ meer as genoeg vir al ons gemeentelike sake & verpligtinge. Nee - dis nie daarom nie: maar ons raak dit aan omdat God vir ons in Sy Wd. duidelik leer dat een van die mees betroubare bewyse van ons goeie werke is ons gewilligheid om iets vir Gods saak te offer - al is dit net 'n 3d per week!

Kan u nou verstaan as ek u sê dat dit d hart van 'n leraar met kommer, met vrese vervul terw. van lidmate wat doodrustig en rustig dood voortgaan asof dit geen saak maak of ek iets offer en hoe ek offer?



III Sending: 'n Ander saak wat ons moet aanraak is die van die sending. Baie gemeentelede verkeer onder die waan dat die sending ons besondere liefhebbery is omdat ons as leraars baie + ernstig oor d. saak gepreek het d. afg. 2 jaar. In werklikheid het ons i.d. praktyk baie meer tyd spandeer aan armesorg (diakonie, A.K.K.) as aan d. sending. // ~~Nee~~! die rede waarom ons in ons prediking dit so gedurig beklemtoon het is nie omdat die sending ons stokperdjie is nie. mr. omdat ~~ons~~ Gods Woord ons duid. leer dat die beste bewys vir 'n gemeente se geest. groei is haar gewilligheid gehoorsaamheid om aktief evangelisasie- & sendingwerk te doen.

En nou weet ons ook baie goed dat 'n groot deel v. ons gemeente nog nie hart + siel in en vir die sending is nie. Hulle gee wel vir die sending, hulle praat wel oor die sending, maar hulle harte, hulle gebede, hulle tyd en kragte is nog nie in die noodroep van Gods Seun: Laat u Koninkryk kom nie! God het tot hulle gespreek deur die vertrek van Ds. Smith na die sendingveld, deur 3 vrouekragte uit ons gemeente wat tans in Sibasa staan, deur 3 sendingleraars wat gedurende Pinkster voor 'n halfleë Kerk opgetree het - maar nog verstaan ons nie dat die grootste, die heerlikste taak van Gods Kerk, van Gods gemeente, ~~sy~~ haar eerste roeping is om sendende gemeente te wees nie!

IV **Die Versorging v.d. Armes:** Nadat ons aanvanklik baie in die duister rondgetas het, het God ons diakonie die afgelope jaar baie meer rigting en koers i.v.m. die versorging van ons armes en weduwees gegee. Meer en meer breek ons weg van die ou alimentasiestelsel en kom ons tot 'n ware diens van barmhartigheid. – Maar 'n lang pad lê nog voor omdat ons ~~tot~~ dusver nog net die rand van h.d. groot Christelike diens aangeraak het. Want ~~...~~ ons besef maar al te goed dat ons as gemeente nog nie genoegsaam besef dat ons ons armes, behoeftiges, herstelliges, gevangenes moet opneem, moet laat tuisvoel i.d. kring v.d. gelowiges (Brief J.J. Krüger gister ontvang).

V **Jeugarbeid:** Wou nog hier ook praat (pragtige werk van ons KJV onder moeilike finans. omstandighede) m.n. nie tyd.

**Groot V.:**

Hoe sal ons al h.d. dinge verkry? Meer praat, preek, besoek? Meer funksies en geselligheide? Meer [aantreklike] ~~spesiale~~ dienste en kapitasiewerk? Wat moet ons doen?

Een ding v.m. ~~dink~~ [met groot] ~~...~~ ons beklemtoon. Ons as leraars kan miskien anders werk as wat ons nou werk – maar ons kan nie meer werk nie. Ons s[keep] ~~...~~ ~~...~~ ons huis en kinders af omdat daar so 'n groot agterstand is wat ons moet probeer inhaal hier i.d. oudste gemeente v.d. Ned. Kerk.



**Wat moet ons doen?** Het een antwoord – hier nog baie duidelik gevind: bid – meer bid: eendragtig, voorhandend, gelowig. Want om ½% van 'n gemeente wat ongereeld of selde katkeer kom, ~~...~~ ⅓ van 'n gemeente wat byna swaar of glad nie bydra, 'n gemeente as geheel die vreugde van sending en die diens van barmhartigheid te laat smaak – dis nie mensewerk nie. Geen predikant, al werk hy ook hoe hard, al preek hy ook hoe ernstig, al besoek hy ook hoe aanhoudend kan so 'n taak volbring nie. ~~Dis nie mensewerk~~ Geen mens kan dit bewerk nie – net Gods Gees kan h.d. doodsbeendere tot lewe wek!

Daarvoor nodig:

① meer bidders (Oproep om Sondagoggend 7 v.m. saam te bid)

② meer werkkragte: in VVSV.. in B.v.D.. in liefdesdiens (Teks).

③ meer jongmense!

**Ons ideaal:** nie omdat dit die gemeente van Potchefstroom is nie, m.a. omdat dit d. gemeente van God is!

**Ons gebed:** (Hebr. 13: 20-21): Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het, julle volmaak in elke goeie werk om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid!